

Teks vooraf:

Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek ook mense wat Hom só aanbid. (Johannes 4:23 AFR1953)

Sing vooraf: Psalm 33:3 (p. 158)

- 3 Hy min die reg in alle dinge, / want enkel waar en reg is Hy;
tot by die aard' se verste kringe / sien ons sy goedheid uitgesprei.
In sy alvermoë / het Hy hemelboë / deur sy woord gestig;
deur sy Gees 'n ganse / leërskaar van glanse / skitt'rend aan laat lig

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 31:4, 15 (p. 144)

- 4 Ek gee my gees oor in u hande, / my Redder, wat my trou / in veil'ge hoede hou.
Ek haat hul wat met offerbrande / hul neerbuig voor die gode. / Ek steun op God in node.
- 15 Hoe groot is, Heer, u seënstrome / vir wie opreg van gees / wil wandel in u vrees!
Hoe groot die vreugde van die vrome, / as almal klaar bemerk het / die heil wat U bewerk het.

Geloofsbelijdenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Psalm 32:1, 4 (p. 151)

Wet

Psalm 32:1, 4 (p. 151)

- 1 Welsalig wie van skuld en straf onthewe, / die woord mag hoor: jou sondes is vergewe.
Want God wat groot is in barmhartigheid, / het hom vergewe en skeld die skuld hom kwyt.
Welsalig wie die HEER geen enkel stonde / toereken wil die boosheid van die sonde
en wie se gees, van alle valsheid vry, / voor God ootmoedig al die skuld bely.
- 4 U is dit, HEER, wat tot my hulp gereed is, / 'n skut en skerm in alle angs en leed is,
in nood my red, met jubels my omring, / en in my gees weer vreugde laat ontspring.
Maar nee, o God, u goedheid reik nog verder! / U sê: Ek wil jou oppas soos 'n herder,
en wil jou voet op veil'ge pad laat gaan, / waarop my oog jou altyd gadeslaan.

Gebed

- *Doksologie*
- *Aanbidding*
- *Skuldbelydenis*

Vergifnis

- *Dank*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God*
- *Algemene bede*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens*

Amen.

Psalm 66:7 (p. 322)

7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Skriflesing: Romeine 8

Teks: Romeine 8:9

En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie; julle is egter nie in die vlees nie, maar in die Gees, as naamlik die Gees van God in julle woon. Maar as iemand die Gees van Christus nie het nie, dié behoort nie aan Hom nie. (Romeine 8:8, 9 AFR1953)

Mense lewe goed of sleg.

- Daar is nie 'n grys gebied waar mense niks goeds en ook niks verkeerds doen nie.
- Dit wat die verskil maak of mense goed of sleg lewe, is of God die Here in ons woon of nie.

Voordat ons saam gaan Nagmaal vier, besin ons vandag eers saam oor wat dit beteken dat die Heilige Gees en Jesus Christus in ons woon, soos onder andere hierdie gedeelte in die Bybel ons leer. Hoe maak dit my anders en wat beteken dit dat die Heilige Gees en Christus in my woon?

Ons ondersoek hierdie gedeelte saam en ons gee aandag aan die volgende sake:

1. Waar het die Here gebly voordat Hy in ons gewoon het en wat beteken dit dat Hy in ons woon?

2. Die konsekwensies van die Here se inwoning in ons.

1. Waar het die Here gebly voordat Hy in ons gewoon het en wat beteken dit dat Hy in ons woon?

Waarvandaan kom die gedagte in die Nuwe Testament dat **God in julle woon?**

Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?" (1 Korintiërs 3:16 AFR1953)

Die uitdrukking **die Gees van Christus nie het nie** of *Christus woon in ons* is gegrond op die Ou Testament, want in die Ou Testament is daar duidelike beskrywings dat *God onder sy volk woon*.

- Die Jode het dit so verstaan dat die Gees van Jahwe op die mens rus in wie se hart God woon (vgl. Levitikus 26:11vv.; 2 Samuel 7:5vv.; Esegïel 37:27; en Jesaja 57:15).

En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees en hulle vir my 'n volk wees. (Esegïel 37:27 AFR1953)

Die saak van die inwoning van die Here in ons het 'n lang verloop gehad.

- Vroeg in die Ou Testament lees ons dat die Here onder sy volk woon in 'n tabernakel of tent.
- Daarna het Salomo vir die Here 'n tempel gebou en toe het die heiligheid van die Here in die tempel ingetrek (vgl. Eksodus 40:24, 29, 34; 2 Kronieke 7:2; 1 Konings 8).

Die tabernakel en die tempel was heenwysings na Christus.

- Die heerlijkheid van God wat die tempel gevul het, is presies dieselfde as wat Esegïel gesien het en waarvan Johannes skryf in sy evangelie (vgl. Esegïel 1:4vv; Esegïel 9:3; Johannes 1:14).

- Maar intussen het die tabernakel en die tempel verbygegaan en nou bly die Here in 'n heeltemal ander soort tempel, naamlik ons liggame.
- Daarom sê die Nuwe Testament dit ook duidelik: *Ons liggame is nou die tempel van die Here.*

As die Gees van God nie in my woon nie, wat gebeur dan met my?

- Paulus antwoord op hierdie vraag in Romeine 7:17:
Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.
(Romeine 7:17 AFR1953)
- Die sonde woon in hom.

Die verkeerde kom uit ons uit omdat dit binne in ons gebore word.

- Wanneer mense dinge doen wat verkeerd is, word dit aan die gang gesit deur die sonde wat dan in hulle bly.
- Die sonde is soos 'n bose mag, 'n vreemde inwoner wat verskriklik baie kwaad doen.
- Sonde wat in ons woon, is soos 'n vandaal wat net loop en breek en verwoes.

Die gedeelte wat ons saam gelees het in Romeine 8 stel die inwoning van God die Heilige Gees gelyk met die Here Jesus Christus wat in die harte van die gelowiges woon.

- Die Heilige Gees bly in die hart van die gelowiges.
- Hy skep daar orde en gee helderheid oor aangeleenthede waaroor daar onsekerheid is.

Daar is 'n paar plekke in die Bybel waar daar geskryf staan dat Christus in ons is of in ons woon.

Dink byvoorbeeld aan Galasiërs 2:20 waar die apostel Paulus skryf dat dit nie meer hy is wat lewe nie, maar dat dit Christus is wat in Hom lewe.

Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het. (Galasiërs 2:20 AFR1953)

Weet ons werklik altyd waaroor ons lewe gaan? Het ons die nodige ore in ons lewe, en is die nodige insig daar dat ons die Here se wil kan ken en uitvoer?

- Die ernstige mens wie se lewenswaardes diep genoeg is, sal beseft dat dit ten diepste in die lewe daarvoor gaan dat jy aan die Here behoort en dat God se beeld en sy heerlikheid gestalte moet kry in jou lewe.
- Dit moet uitkom in die manier waarop jy onvoorwaardelik aan die Here gehoorsaam is en Hom dien.
- Dit is waarom die apostel Paulus skryf dat dit nie meer hy is wat lewe nie, maar dat dit Christus is wat in Hom lewe.

Daar is 'n manier hoe jy kan weet of Jesus Christus in iemand woon.

- Sulke mense het 'n sterk geloof.
- Hulle hele lewe word gekenmerk deur liefde.
- Hulle het die vermoë om die Here se liefde na vore te bring in hulle mense-verhoudings en in hulle gehoorsaamheid aan die Here (Efesiërs 3:17).

Sulke mense se visier is nie net op hierdie lewe gestel nie.

- Hulle lewe en beplan vir baie verder as nou.

- Hulle lewe in die hoop om in die hiernamaals deur die Here Jesus verheerlik te word (Kolossense 1:27).
. . . aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlijkheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlijkheid. (Kolossense 1:27 AFR1953)

Daar is ander plekke in die Bybel waar daar nie geskryf staan dat Jesus Christus in ons woon nie, maar daar staan geskryf dat die Heilige Gees in ons woon.

- In hierdie gedeeltes word die baie intieme verhouding tussen ons en die Here beskryf. Dink byvoorbeeld aan 1 Korintiërs 3:16 waar die Here ons aandag daarop vestig dat ons die tempel van God is en dat die Gees van God in hierdie tempel bly.

Die Here wys ons daarop dat iemand wat sy liggaam skade aandoen, besig is met tempelskending en dat hy daarom deur die Here gestraf sal word. Pas ons regtig altyd ons liggame op?

- Dink aan dinge soos:
 - te min of ongesond eet;
 - te veel drank gebruik of selfs rook wanneer ons lange dit nie kan bekostig nie; of
 - roekelose bestuurderij en ons aan gevaar blootstel.
- Kan ons regtig glo dat die Heilige Gees in ons woon as ons ons liggame beskadig?

Luister hoe duidelik word dit in 1 Korintiërs 6:19 gestel:

Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan juiself behoort nie?
 (1 Korintiërs 6:19 AFR1953)

Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon.
 (2 Timoteus 1:14 AFR1953)

Die inwoning van die HeiligeGees/Christus beteken dat God volledig besit neem van sy gemeente en daarmee uiteraard ook van elke lidmaat.

2. Die konsekwensies van die Here se inwoning in ons.

God se inwoning onder sy volk vind plaas op grond van die versoening – dit is nie net in die Nuwe Testament so nie.

- Dit was in die Ou Testament al die geval.
- Daar moes eers deur die offers met God versoening plaasvind, anders het die Here nie intiem met sy volk gemeenskap beoefen nie (Levitikus 1:1).

Onder die Ou Verbond het die Israeliete elke keer gesien hoe die wolk afdaal en die Here in die tabernakel intrek.

- Toe Salomo se tempel in gebruik geneem is, het hulle ook gesien hoe die heiligheid van die Here in die tempel intrek.
- Al twee hierdie handeling was net tydelik, want hulle was voorspele van die geleentheid toe die Here tydens die Pinkstergebeure blywend onder sy volk ingetrek het.

Met die uitstorting van die Heilige Gees het die Here sigbaar in sy kerk ingetrek.

- God woon nou definitief onder sy volk.

- Handeling 2 is 'n geskiedkundige gebeurtenis wat werklik plaasgevind het – toe het die vrug van Christus se versoening met God sigbaar in die kerk gerealiseer.

Pinkster is die vervulling van voorspellings in die Ou Testament dat die Here onder sy volk gaan woon (vergelyk Jeremia 31:31-34 en Ezechiël 36:25-27).

Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; (Jeremia 31:31 AFR1953)

Let net daarop dat in die vervulling van die profesie dieselfde beelde gebruik word as in die Ou Testament.

- In die Ou Testament het die Here in 'n tempel gewoon.
- In die Nuwe Testament het die Here uitdruklik aangekondig dat sy gemeente (en ook elke lidmaat se liggaam) sy tempel is.
- So word die volk van die Here in die Nuwe Testament sy tempel (vgl. Efesiërs 2:22 en 1 Korintiërs 6:19) waar Hy sy blywende intrek neem.

. . . in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.
(Efesiërs 2:22 AFR1953)

Hoe kry elke lidmaat deel aan die Gees van God wat in die gemeente woon?

- Die antwoord is: Deur die geloof.
- Die Gees wat in ons woon, is dieselfde Gees wat ons tot die geloof gebring het.

Dink hier aan Paulus se gebed in Efesiërs 3:17:

. . . sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, . . . (Efesiërs 3:17 AFR1953)

en

Dit alleen wil ek van julle weet: het julle die Gees ontvang uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? (Galasiërs 3:2 AFR1953)

Hy wat julle dan die Gees verleen en kragte onder julle werk, doen Hy dit uit die werke van die wet of uit die prediking van die geloof? (Galasiërs 3:5 AFR1953)

Die Gees kan nie ontvang word sonder die prediking van die kruisiging en die opstanding van die Here Jesus Christus nie.

- Die inhoud van die evangelie is juis dat al die mense wat tot die geloof gekom het, en in wie se harte Jesus Christus woon, deur sy dood en opstanding uit hulle eie dood uit oorgegaan het in die lewe.

Iemand wat oorgegaan het in die ewige lewe vertoon sekere eienskappe.

- Die Heilige Gees bewerk in sulke mense innerlike geloof en versterk dit ook (Efesiërs 3:16).
- Die Heilige Gees bewerk in sulke mense geestelike vrugte (Galasiërs 5:22).
- Hy bewerk ook geheiligde verhoudinge in die huwelik (Efesiërs 5:22-33) en in die huisgesin (Efesiërs 6:1-4).

Die Heilige Gees lei ons om die nodige insig en ware geloof te hê in die versoening deur die Here Jesus Christus.

- Dinge wat deur ongelowiges nie begryp kan word nie, word deur die Heilige Gees vir die gelowiges deursigtig gemaak (1 Korintiërs 2:9, 10).

So kom ons tot geloof en tot 'n lewe saam met die Here Jesus Christus en die Heilige Gees.

- Dit is waarom ons kan hoor en verstaan as die Here ons weer Nagmaal toe roep.
- Dit is waarom ons deur die brood en die wyn weer versterk word in ons insig dat God die Heilige Gees en die Here Jesus Christus in ons woon.

Daarom is dit noodsaaklik dat ons met die insig, wat ons deur die Heilige Gees ontvang het, ons lewens so inkleef dat die Here graag in ons wil woon.

- Ons moet met hierdie insig alle sonde en besoedeling beveg sodat ons rein kan wees.
- Mag die Here ons die genade gee dat ons met hierdie gesindheid aan sy Nagmaaltafel kom aansit.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 23:3 (p. 107)

- 3 U bring vir my die tafel in gereedheid, / my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,
'n bron van goedheid stroom vir my gedurig; / dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;
dit kroon my lewe met u welbehag; / en in u huis, daar bly ek al my dae.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 25 Oktober 2009